OPTREDE DEUR

6. AGENDA-ITEM 3 : OORPLASING VAN SEKERHEIDSGEVANGENES, AF= KOMSTIG UIT SWA, VANAF ROBBENEILAND NA WINDHOEK

Die saak word deur Minister Le Grange aanhangig gemaak en, ná bespreking, word besluit dat die tyd nie nou reg is om die gevangenes oor te plaas nie. Op die lang termyn, soos SWA vorder na onafhanklikheid, kan weer na die aangeleent= heid gekyk word. Intussen kan gesoek word na ander maniere om die probleme wat met familiebesoeke in verband staan, die hoof te bied. MIN LE GRANGE

7. AGENDA-ITEM 4 : KANGWANE EN INGWAVUMA : INLYWING BY SWAZILAND

Minister Koornhof wys daarop hoe uiters belangrik die aange= leentheid is en hoe netelig die besluit is wat geneem moet word. Hy meld dat die Werkkomitee in beginsel ten gunste van die inlywing van die gebiede by Swaziland is, mits dit op al die Swazis in die RSA van betrekking sal wees. Hy meld ook dat die Kommissaris-generaal baie sterk beskouings teen inlywing het. Minister Koornhof is egter van mening dat, vanuit die etnologiese oogpunt, die Swazis bymekaar hoort en, vanuit die Regering se eie beleidsoogpunt, die ge= biede by Swaziland ingelyf kan word indien die inwoners dit verkies. Die saak word bespreek. Minister R F Botha wys op die geweldige internasionale voordeel wat te verkry is deur die gebiede te laat opgaan in 'n algemeen erkende staat. Hy wys ook op die dringendheid van die aangeleentheid vanweë die druk op Swaziland deur die frontlinie-state en die hoë ouderdom van koning Sobhuza. Minister Horwood vestig aandag op die finansiële implikasies en sê dat as 'n beginselbe= sluit eers geneem is, die Regering gebind is.

BESLUIT. Die Staatsveiligheidsraad besluit dat, met die oog op die moontlike inlywing van die Kangwane-tuisland en die Ingwavuma-gebied by Swaziland, die Van der Walt-kommissie opdrag gegee moet word om, as 'n saak van dringende belang, die praktiese uitvoerbaarheid daarvan te ondersoek en voor die helfte van September 'n tussentydse verslag daaroor te lewer. Minister Horwood versoek dat 'n Tesourie-beampte die Kommissie bystaan. DIE SEKRETARIS

8. AGENDA-ITEM 5 : FEITESENDING NA SUIDWES-AFRIKA

Die Sekretaris deel mee dat die Werkkomitee die verslag van die Feitesending na SWA bestudeer het en die probleme in twee kategorieë verdeel het, naamlik die politieke en die administratiewe. Laasgenoemde raak die Staatsdienskommissie in die besonder en hy is opgedra om dit met die Kommissie op te neem. Die politieke probleme moet met die nuwe Admini= strateur-generaal bespreek word en die Sekretaris van Buite= landse Sake sal dit opneem. Die Voorsitter meld dat die same= sprekings in die gees van die Regeringsbesluit moet wees dat

OPTREDE DEUR

reëlings sover moontlik administratief getref moet word en sê dat as daar verder probleme is, die saak na die Staats=veiligheidsraad teruggebring moet word. DIE SEKRETARIS DR FOURIE

9. AGENDA-ITEM 6 : REHABILITASIE VAN SEKERHEIDSGEVANGES EN AANGEHOUDE TERRORISTE

Die Sekretaris lig die dokument wat die Werkkomitee se aan=bevelings bevat, toe. Die Voorsitter meld dat aanbeveling (d)(i) (dat daar so gou moontlik uitvoering gegee word aan die bestaande besluit van die Staatsveiligheidsraad dat die Administrasie van SWA die nodige stappe moet doen om die aanhoudings te Mariental te wettig) deur middel van die Administrateur-generaal na SWA deurgevoer moet word. Die Sekretaris van Buitelandse Sake moet hieromtrent seker maak. DIE SEKRETARIS DR FOURIE

Wat aanbeveling (d)(ii) betref (dat daar ten opsigte van die RSA ook soortgelyke wetgewing voorberei word, moontlik met die hulp van 'n aanbeveling van 'n kommissie wat (ook moontlik) ondersoek na ons veiligheidswetgewing mag instel), deel Minister Schlebusch mee dat hy op die punt staan om met die saak na die Kabinet te kom. MIN SCHLEBUSCH

10. AGENDA-ITEM 8 : HULPVERLENING EN SAMEWERKING - ZIMBABWE-RHODESIë

Die voorlegging (Submission) wat van die Werkkomitee gekom het (bylaag 3 tot die agenda), word goedgekeur. Genl Malan gee die versekering dat dit suiwer weermagsoperasies is wat beoog word. Die Voorsitter sê dat operasies van groot skaal in Zimbabwe-Rhodesië nie onderneem kan word sonder om die Parlement te nader nie. GENL MALAN DIE SEKRETARIS

11. AGENDA-ITEM 9 : ROBBENEILAND - TOEWYSING AAN DIE S A WEERMAG

Minister Le Grange deel mee dat die nuwe gevangenis by Leeukop binne vier tot vyf jaar betrek sal word en dat hy geen beswaar kan sien dat Robbeneiland teen 1984 aan die S A Weermag toegewys word nie. Die Departement van Openbare Werke se besluit om die eiland aan die Weermag toe te wys, word deur die Staatsveiligheidsraad bekragtig. DIE SEKRETARIS